**DONDERDAG 19 FEBRUARIE**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 36:1-8 (NAV)**

## Werk soos Baruk en Jeremia saam as span in opdrag van die Here

Die Baruk waarvan ons nou lees, is die seun van Neria. Hy was die vriend en sekretaris van die profeet Jeremia. Baruk het hoë aansien geniet. ’n Apokriewe boek is na hom vernoem.

Ons lees dat Baruk alles wat die Here aan Jeremia openbaar, met ink op ’n boekrol moet neerskryf. Baruk moes die boodskap ook aan die volk gaan voorlees. Die inhoud van die boodskap was dat die volk tot bekering opgeroep word. Indien hulle hulle nie van ongehoorsaamheid bekeer nie, sal die Here hulle baie swaar straf.

Koning Jojakim het die boekrol verbrand. Hierna het die koning bevel gegee om hulle te arresteer. Die Here het hulle egter weggesteek. Die Here het selfs vir Baruk aangespreek toe hy baie moedeloos was oor die boodskap. Die Here spreek Baruk aan om nie roem vir homself te soek nie. Tog sê die Here “Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan”.

Die Here gee aan elke mens sy spesiale gawe. Die Here het Jeremia en Baruk as ’n span gebruik om sy Woord bekend te maak. So gebruik die Here jou ook in jou beroep en gemeente. Jy het ook ’n spesiale gawe. Jou gemeente het die opdrag om die evangelie van verlossing in Jesus Christus in jou omgewing uit te dra. Hoe kan jy net wil terugsit en ontvang?

Jou hele gemeente is saam ’n span in die Here se hand. Bid tot God en vra wat wil Hy hê julle moet doen. Moenie self te belangrik word nie. Die Here roep julle, rus julle toe, seën julle en beskerm julle.

Werk soos Baruk en Jeremia saam as span in opdrag van die Here.

*Sing: Psalm 45:1*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*